

Besluit van die Algemene Kerkraad Maandag 4 Junie 2018 NG Kerk Welgemoed ten aansien van selfdegeslagverhoudings.

1. Die gelykwaardigheid van alle mense

Die kerkraad bevestig sy oortuiging dat alle mense gelykwaardig is voor God op grond van:

- die feit dat hulle na die beeld van God geskape is,
- Christus se genade vir alle mense genoegsaam is,
- die Heilige Gees as Heer en Lewendmaker oor alle grense van die genadewerk van Christus getuig en lewe gee.

2. God se verbondstrou

Ons glo ook dat die reikwydte van God se verbondstrou oor grense, byvoorbeeld ras, geslag, klas, seksuele oriëntasie en vermoë, strek.

Daarom glo ons dat

- kragtens Sy genadeverbond met kinders / volwasse gelowiges by hul doop die volle heil in Christus gewaarborg word,
- die nagmaal 'n inklusiewe maaltyd is waar gedooptes sonder aansien des persoons genooi word om die heil in Christus saam feestelik te vier.

3. Die gesag van die Skrif

Ons is verbind tot die handhawing van die gesag van die Bybel as die Woord van God.

- 3.1 In ons Skrifgebruik glo ons dat dit belangrik is om die Bybelse teks te lees met die oog op 'n verhouding met die Drie-enige God en die verstaan van die boodskap van die Bybel in die hedendaagse konteks.
- 3.2 Insig in die historiese en literêre aard van die Bybelse tekste dien ons verhouding met God en ons verstaan van die boodskap van die Bybel.
- 3.3 Na alles is die lewe en werk van Jesus vir ons deurslaggewend in die beoordeling van menslike verhoudings.
- 3.4 Alhoewel ons in Christus diep aan mekaar verbonde is, verskil gelowiges somtyds oor die interpretasie van die Skrif. Van die vroegste Bybelse tye is daar daarom in geloofsgemeenskappe ruimte gemaak vir 'n verskeidenheid van standpunte oor etiese kwessies (Hand 15; 1 Kor 8).
- 3.5 Ons weet ook dat daar in hierdie gemeente, soos in die breë kerk, dikwels nie eenstemmigheid oor etiese kwessies is nie. Die waarde van respek vir mekaar en die strewe na inklusiwiteit is so diep in die gemeente gewortel dat ons volle vertroue het dat die diepe verbondenheid aan Jesus as Here, ruimte laat vir meningsverskil en deernisvolle gesprek.

4. Kerkbegrip

Ons glo dat die gemeente volledig kerk is en daarom verantwoordelik is vir die

onderskeiding ten aansien van die bevoegdheid van persone om in al die ampte van die gemeente te dien.

**BESLUIT DEUR DIE AKR (Algemene Kerkraad) GENEEM
PUNT 5 (Hieronder): AANVAAR**

5. Slotsom 1

In die lig van bogenoemde uitgangspunte glo die kerkraad dat

- 5.1 alle lidmate, ongeag hulle ras, geslag, klas, seksuele oriëntasie en vermoë toegang behoort te hê tot die sakramente en daarom ook tot al die ampte van die kerk,**
- 5.2 wanneer 'n kerkraad sy bevoegdheid gebruik om mense aan te wys in die ampte, moet hulle belydenis, roeping, die getuienis van hulle lewe en die integriteit van hul verhoudings in ag geneem word ongeag hulle ras, geslag, klas, seksuele oriëntasie en vermoë,**
- 5.3 wanneer daar deur die kerkraad onderskei word oor die geskiktheid van persone, moet dit gedoen word met pastorale sensitiwiteit en begeleiding.**
- 5.4 meerdere vergaderings nie uitsluitende voorwaardes behoort te stel met betrekking tot persone se ras, geslag, klas, seksuele oriëntasie en vermoë wat die bevoegdheid van die kerkraad inperk om persone vanuit die volle spektrum van menslike verskeidenheid in kerklike ampte aan te wys nie. Die besluit van die Algemene Sinode van 2016 om ruimte te laat aan gemeentes om self oor hierdie sake te onderskei, word dus ondersteun. "1. Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie." Handeling van die Buitengewone Algemene Sinode, Oktober 2016".**

6. Die huwelik

- 6.1 Die Bybel praat meestal oor die huwelik as 'n ruimte vir voortplanting. Binne die Judaïsme was vroue se hoof funksie om kinders te verwek en groot te maak.
- 6.2 Bybelboeke soos Hooglied gee egter ook groot erkenning aan die erotiese aard van liefdesverhoudings.
- 6.3 Die Joodse samelewing was patriargaal van aard en vroue en kinders is as die eiendom van die manlike eggenoot en sy familie beskou.
- 6.4 Kinderloosheid is as 'n skande beskou.
- 6.5 Daar is meersoortige voorbeelde van huwelike in die Bybel wat vir die Jode oënskynlik die "goedkeuring" van God weggedra het, bv. tussen een man en een vrou, tussen een man en meer vroue, wanneer iemand met sy broer se weduwee trou om by haar seuns te verwek.

- 6.6 In die tyd van Jesus was Joodse huwelike baie transaksioneel hanteer tussen die ouers wie se kinders van die ouderdom van 13 (seuns) en 12 (dogters) reeds kon trou d.w.s. na bar of bat mitzvah. Die huwelikskontrak kon egter reeds lank voor die bar en bat mitzvah deur hulle ouers gesluit word. Die maagdelikheid van die bruid was deel van die transaksie, asook die vergoeding aan haar ouers. Spontane liefde tussen die bruid en bruidegom was dus nie 'n vereiste nie.
- 6.7 Huwelike met geskeides is nie toegelaat nie.
- 6.8 Egskeidings kon net deur mans geïnisieer word, naamlik wanneer 'n man kon bewys dat sy vrou owerspel gepleeg het.
- 6.9 Jesus se opmerkings oor die huwelik is baie betekenisvol. Hy lê, wanneer Hy praat oor die vervulling van die Wet, klem op mense se begeertes en gesindheid. Ten aansien van die 7de gebod oor egbreuk val die klem nie op die juridiese aksie van egskeiding nie, maar op die begeertes wat veroorsaak dat mense in hulle gedagtes egbreuk pleeg (Matt 5:27-32).
- 6.10 Jesus verwerp ook die idee dat een persoon met meer as een persoon getroud kan wees. Hy verwerp ook die idee dat 'n vrou die eiendom word van haar man se familie. Hy verwerp selfs die idee dat hulle saam met die man se ouers moet woon. Hy beklemtoon die noodsaak van trou aan mekaar binne die huwelik. Sy visie vir die huwelik hou verband met sy begrip van die gelykwaardigheid van mans en vroue. Jesus se standpunte oor die huwelik is radikale sosiale kritiek teen die heersende wette en konvensies van die Joodse samelewing van sy tyd. Jesus verwerp ook die voorrang wat aan die Joodse juridiese reëlings gegee word, en gee eerder voorkeur aan God se keuse om mense saam te voeg en waardes wat daarmee saamhang (Matt 19:1-12).
- 6.11 Jesus gee erkenning aan die verskeidenheid van mense ten aansien van hulle oriëntasie ("so gebore"), hulle agtergrond ("so gemaak"), en hulle voorkeure ("gekies om nie te trou nie") (Matt 19:11,12). Hy deurbreek dus die skandefaktor van die Joodse samelewing wanneer mense nie trou nie. Hy doen ook weg met die reg van ouers ten aansien van hulle kinders om namens hulle besluite te neem oor hulle toekomstige of bestaande huwelike.
- 6.12 In navolging van Jesus beklemtoon Paulus die wederkerigheid van verpligtinge van mans en vroue in 'n huwelik, in die besonder met betrekking tot seksuele omgang (1 Kor 7:1-4). Hy beklemtoon ook die gesindheid van wedersydse onderdanigheid geskoei op die wedersydse onderdanigheid tussen Christus en sy kerk (Ef 5: 21-32).

**BESLUIT DEUR DIE AKR (Algemene Kerkraad) GENEEM
PUNT 7 (Hieronder): AANVAAR**

7. Slotsom 2

- 7.1 Die kerkraad vereenselwig hom in die lig van Jesus se duidelike leiding oor die huwelik met die besluit van die Algemene Sinode van 2016 nl: "Die huwelik is deur God ingestel as 'n heilige en lewenslange verbintenis**

tussen een man en een vrou.” (*Handelinge van die Buitengewone Algemene Sinode, Oktober 2016.*)

7.2 Die kerkraad verstaan dat die huwelik heilig is op grond van:

- 7.2.1 Die uitgangspunt dat God die egpaar aan mekaar gegee het (Matt 19:6);**
- 7.2.2 die permanente aard daarvan (Matt 19:6);**
- 7.2.3 die selfstandigheid daarvan; (Matt 19:5);**
- 7.2.4 die vervulling van seksuele begeertes binne die verhouding van trou aan mekaar (Matt 5:27, 1 Kor 7: 1);**
- 7.2.5 wedersydse onderdanigheid geskoei op die verhouding tussen Christus en die kerk (Ef 5:21-24);**
- 7.2.6 die wedersydse liefde van die man en vrou vir mekaar geskoei op die beeld van standhoudendheid en die oneindigheid van die liefde van Christus vir sy kerk (Ef 5: 24-32).**

7.3 Die kerkraad verstaan dat die huwelik per definisie slegs aan heteroseksuele mense 'n opsie bied vir die uitleef van hulle seksualiteit.

8. Seksualiteit & Insluiting in die geloofsgemeenskap

Die kerkraad meen dat die groter prentjie van die Bybelse weergawe van huweliks- en seksuele verhoudings belangrik is vir die slotsom oor Christelike verhoudings. Die insluitende aard van die verbond blyk reeds uit die opdrag in Gen 17: 11-13 dat slawe (nie-Jode) en hulle seuns wat gebore word, besny moet word. Tog is daar aanvanklik mense wat uitgesluit word van die verbondsgemeenskap soos bv. ontmandes (Deut 23:1). Maar in Jes 56:3-6 word die insluiting van ontmandes baie sterk beklemtoon. “3. *'n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het, moenie dink: die Here sal my van sy volk afsny nie. 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie. 4. So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, 5. aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie.*” Volgens Handelinge 8 vind Filippus ook geen rede om te ‘verhinder’ dat ‘n ‘ontmande’ gedoop en dus ingelyf word in die nuwe geloofsgemeenskap van Jesus Christus nie.

Christus se bediening van sorg fokus grootliks op mense wat deur die Joodse wette beskaam en uitgesluit is. Deur die reinheidswetgewing en offerstelsel het die Joodse Raad, bestaande uit die Sadduseërs, Fariseërs, Skrifgeleerdes en famieliehoofde, ‘n omvattende sisteem van beskaming en uitsluiting in stand gehou. Christus neem egter radikale stappe om onrein mense en verworpenes in te sluit in die geloofsgemeenskap.

Na Jesus se hemelvaart word fyn onderskeiding aan die dag gelê en telkens nuut gedink oor die insluiting van mense in die geloofsgemeenskap. Maar die onderskeidingsproses is nie sonder uitdagings nie. In Handelinge 15, waar die leiers duidelik bevind dat ‘n mens alleen uit genade gered word, is daar in die uiteindelige besluit nog reste van die Joodse wettisme. Die heidene hoef nie besny te word wanneer hulle aansluit by die geloofsgemeenskap nie. Maar dan is daar darem nog reëlins oor offervleis wat geld. Paulus spel sy insluitende benadering oor hierdie reëlins in 1 Kor 8 duidelik uit.

Die uitkringende insluitende aard van die Christelike geloofsgemeenskap blyk ook later in die geskiedenis van die kerk duidelik uit bv. die besluit oor geskeides wat weer mag trou met die volle ondersteuning van die kerk, dit terwyl die Nuwe Testament, teen die agtergrond van die Joodse kultuur, dit verbied (Matt 5:32).

Die goeie nuus wat Jesus verkondig, is die aanbreek van 'n nuwe koninkryk (Markus 1:14,15). Die lewe in hierdie koninkryk het te doen met oortuiging, gesindheid en gehoorsaamheid. Laasgenoemde het weinig te doen met die 613 Joodse wette van beskaming en uitsluiting of met die instandhouding van beheer en oordeel oor mense se lewe, maar eerder met mense se afhanklikheid van God, hulle deernis vir ander, hulle barmhartigheid, reinheid van hart, honger en dors na geregtigheid en die maak van vrede (Matt 5:3-12).

9. Verhoudings tussen persone met ander oriëntasies as heteroseksualiteit

Die Joods-Christelike tradisie, soos ons daarvan in die Bybel lees, is heteronormatief. Seksualiteit tussen mans en vroue is dus konsekwent as normaal geag en enige homoseksuele gedrag as abnormaal. Die Joodse samelewing was ook patriargaal van aard. Die norm was dus dat mans die sterk, slim en dominante figuur in die gesin en samelewing behoort te wees. Homoseksuele gedrag word in die Ou Testament verbind met wangedrag, verkragting en 'n heidense gebrek aan karakter. Daar kan geen twyfel daaroor wees dat God hierdie wangedrag verwerp nie (Verwysend na Gen. 19:5; Rig 19:22; Lev. 18:22; Lev. 20:13).

In die Griekse/ Romeinse wêreld van die Nuwe Testament is homoseksuele gedrag aan die orde van die dag. In die wêreld van die Grieks/Romeinse afgode leef mense nie in 'n persoonlike verhouding met die gode nie. Gode tree onwillekeurig op en mense se gedrag of versugtinge beïnvloed hulle nie. Etiek word dus nie geskoei op verantwoordbaarheid teenoor die gode nie. Wanneer soldate lank van die huis weg was, het baie van hulle dikwels homoseksuele seks beoefen. Hierdie soldate was dus meestal heteroseksueel, maar het homoseksuele dade gepleeg. Die norm was dat hulle net nie hulle seksuele verantwoordelikhede moes afskeep wanneer hulle tuis kom nie. Hulle moes immers die volgende generasie soldate verwek. Babadogtertjies is dikwels vermoor, sodat daar so gou as moontlik 'n seuntjie verwek kon word.

Homoseksuele perversiteit was in die tyd van Jesus en die vroeë kerk aan die orde van die dag. Die Nuwe Testament is beslis afwysend teenoor hierdie gedrag (Rom 1:18-32; 1 Kor 6:9,10 and 1 Tim 1:10) Daar is ook voorbeelde van homoseksuele mense wat in permanente homoseksuele verhoudings geleef het. 'n Mens moet aanvaar dat die afwysende opmerkings in die Nuwe Testament ook geld ten opsigte van hierdie verhoudings. Hierdie mense het geen kennis van die God van die Bybel of verhouding met God gehad nie. Hulle was hedoniste wat slegs hulle eie singenot in die oog gehad het. Hoewel hierdie soort verhoudings deur die samelewing verdra en selfs aanvaar is, staan die evangelie dwars daarop.

10. Homoseksuele verhoudings tussen gelowiges

Die volgende vrae moet nou met 'n Gees van onderskeiding deur geloofsgemeenskappe beantwoord word:

10.1 *Word die vraag in die Nuwe Testament hanteer of daar verbintnisse tussen homoseksuele gelowiges kan wees wat vir God of die geloofsgemeenskap aanvaarbaar kan wees?*

Nee, die vraag word nie in die Nuwe Testament hanteer nie. Dit is verstaanbaar in die lig van die asosiasie met homoseksuele gedrag as die gedrag van ongelowiges. Dit beteken egter nie dat die vraag nie vandag gevra moet word nie. Ons hanteer immers baie ander kwessies vanuit 'n Christelike perspektief waaroor die Bybel nie direkte leiding gee nie, bv surrogaat moederskap, voorbehoedmiddels, genetiese manipulasie.

10.2 *Is homoseksualiteit of ander-as-hetroseksuele oriëntasies as sodanig sonde?*

Homoseksualiteit is 'n verskynsel wat waarskynlik so oud soos die mensdom is. Natuurwetenskaplikes verskil met mekaar oor die redes vir hierdie oriëntasies. Dit is egter duidelik dat dit nie slegs 'n kwessie van 'n keuse is wat mense uitoefen nie. Hoewel daar ware getuïenisse is van mense wat 'n seksuele identiteitskrisis beleef het en na gebed en met die hulp van berading hulself verbind het tot 'n heteroseksuele oriëntasie, is daar ook getuïenisse van baie groot getalle gelowige mense wat alles moontlik gedoen het om van oriëntasie te verander, maar sonder sukses. Trouens, baie van hierdie mense het gely aan selfverwerping en het groot emosionele en psigologiese skade opgedoen in hulle pogings om te verander.

Die verskynsel kom in alle gemeenskappe voor, hoewel hetro-normatiewe samelewings oor die eeue heen die erkenning en uitleef daarvan selfs met geweld onderdruk het. Persone met homoseksuele oriëntasie kom ook voor in alle sektore van die samelewing.

10.3 *Kan 'n mens sy/haar seksualiteit opskort?*

Dit is sekerlik moontlik vir mense om hulle te weerhou van seksuele aktiwiteit. Dit word immers van alle ongetroude heteroseksuele Christene verwag om hulle te weerhou van seksuele dae wat binne die veilige ruimte van 'n huwelik behoort te geskied.

Maar die volgende vrae moet dan ook beantwoord word:

10.3.1. *Skort die weerhouding van seksuele aktiwiteite 'n mens se seksualiteit, d.w.s. gedagtes, begeertes en behoeftes op? Die antwoord is klaarblyklik "nee". Dit is ook die punt wat Jesus maak (Matt 5:28). Elkeen wat kyk en begeer is al skuldig.*

10.3.2 *Is dit regverdigbaar om 'n mens per se, net omdat hy/sy bv. van geboorte af 'n bepaalde seksuele oriëntasie het, geen opsie te laat om seksueel aktief te wees nie?*

Hierdie is eerstens 'n algemeen etiese vraag waarop die antwoord van die Suid-Afrikaanse grondwet 'n besliste "nee" is.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika laat nie ruimte vir diskriminasie teen mense op grond van hulle seksuele oriëntasie nie. Tog word die uitsondering gemaak vir geloofsgemeenskappe om in terme van hulle geloofsoortuigings

hulle grondwetlike reg op vrye assosiasie te gebruik om vroue en mense met 'n bepaalde seksuele oriëntasie van kerklike ampte uit te sluit.

Die Suid-Afrikaanse regstelsel het voorsiening gemaak vir burgerlike verbintenisse met die oog op regs- en emosionele sekerheid in verhoudings tussen mense van dieselfde geslag. Die blote feit dat sodanige opsie vir mense bestaan, beteken dus nie dat geloofsgemeenskappe dit moet onderskryf nie. Hieroor het die Konstitusionele Hof reeds uitsluiting gegee.

Die belangrike vraag vir Christene is natuurlik of daar spesifieke Christelike redes is waarom dit van sekere Christene verwag kan word om sonder 'n ruimte vir die uitlewing van hulle seksualiteit te moet lewe. Dit terwyl alles daarop dui dat die Bybel nie oorweging gee aan die hantering van gelowiges wat bv. homoseksueel is se uitlewing van hulle seksualiteit nie, omdat dit nie 'n kwessie in daardie tyd was wat vir oorweging gedien het nie.

Die vraag sal dus vandag wees: Is dit moontlik dat God gelowige mense van dieselfde geslag aan mekaar kan gee en wy met die oog op 'n permanente verbintenis van liefde en trou?

Die antwoord op hierdie vraag sal in ag moet neem dat die Bybel nie hieroor uitspraak gee nie. Die antwoord sal egter ook in ag moet neem dat die kerk **christelike etiek** beoefen wat welliswaar geïnspireer word deur die Bybel, maar nie net uit Bybeltekste afgelees kan word nie (sien pt 3, p1.). Die kerk sal dus ook in hierdie geval op die verlengde van die etiese oorwegings wat uit die Bybel na vore tree, moet onderskei wat nou behoort te geld. Die antwoord sal dan die insluitende optrede van Jesus teenoor gemarginaliseerdes, die uitkringende genadeleer, soos in die ontwikkelingsgang van die vroeë kerk deur die apostels self ondervind en bevestig, die omvattendheid van Gods se liefde helder in ag moet neem. Die kerk moes al oor die eeue dikwels hierdie weg opgaan en het bv. oor geskeides, direk in stryd met 'n uitspraak van Jesus dat hulle nie weer mag trou nie, onderskei dat die uitspraak van Jesus binne die kulturele konteks van die Joodse samelewing vertolk moet word en nie as nuwe wet vir alle eeue behoort te geld nie.

**BESLUIT DEUR DIE AKR (Algemene Kerkraad) GENEEM
PUNT 11 (Hieronder): AANVAAR**

11. Slotsom 3

Die NG Kerk Welgemoed

- 11.1 is 'n verbondsgemeenskap wat Jesus Christus volg in sy insluiting, deernis en versorging van mense, veral ook diegene wat deur die gemeenskap uitgesluit word. Daarom is die leuse van die gemeente "Groei oor Grense";**
- 11.2 is diep onder die indruk van ons verantwoordelikheid om plaaslik, as pastorale gemeenskap, na Christus se voorbeeld sorg en deernis te bied aan alle mense en aan gelowiges ruimtes te bied om Hom saam te aanbid en dien;**

- 11.3 is diep oortuig dat die Bybel van ons vra om die menswaardigheid van alle mense te erken, handhaaf en te bevorder en te honger en dors na geregtigheid vir alle mense;
- 11.4 is verbind tot die voorrang van God se genade bo alle menslike voorkeure en oorwegings wanneer dit kom by ons bediening aan mense en sorg vir mekaar;
- 11.5 is oortuig dat seksuele oriëntasie 'n inherente eienskap van elke mens is en dat God alle mense in hulle geheel as mens lief het;
- 11.6 glo dat God alle persone, ongeag hulle seksuele oriëntasie ewe lief het;
- 11.7 is oortuig dat net so min as wat heteroseksualiteit as sodanig as sonde beskou kan word, ander seksuele oriëntasies as sodanig as sonde beskou kan word. Hoewel mense dikwels sondig op grond van hulle seksualiteit, is dit nie beperk tot enige seksuele oriëntasie nie;
- 11.8 laat daarom ruimte dat 'n homoseksuele persoon mag deel hê aan liefdesverhoudings waarbinne liefde en trou, geborgenheid, vriendskap en emosionele vervulling beleef word;
- 11.9 glo dat alle liefdesverhoudings waarbinne seksuele aktiwiteit ter sprake is slegs binne die ruimte van permanente verbintenisse, hetsy burgerlik of kerklik, behoort te geskied sodat daar geen sprake sal wees van losbandigheid of perversiteit nie, maar slegs van trou aan God en aan mekaar. Die standpunt van die Algemene Sinode soos verwoord in die besluit van die sinode van 2016 moet hiermee saamgelees word: *“Die Algemene Sinode erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.”* Die kerkraad verkies dat die kerk burgerlike verbintenisse by lidmate wat in selfdegeslag verhoudings is, aanbeveel om die permanensie van hulle verbintenisse te verseker.

12. Verdraagsaamheid

Die kerkraad verstaan dat nie alle lidmate in die gemeente met die bostaande oortuigings saamstem nie. Die gemeente het egter oor die afgelope jare 'n sterk kultuur van verdraagsaamheid ontwikkel. Ons eenheid is gewortel in Christus wat ons vrygemaak het met sy bloed. Ons onderneming is om met mekaar op reis te bly, omdat ons een is in Christus en soveel redes het waarom ons saam behoort te getuig van die liefde van Christus, juis ook wanneer ons van mekaar verskil.